Gebed nr. 5: Dank

(Die vier elemente van gebed wat reeds behandel is: Aanbidding, Lof, Belydenis en Smeek)

1. Kan ’n mens iemand beveel om dankbaar te wees?

_____

2. Lees 2 Tim 3:1-5. Saam met watter ander dinge tref ons *ondankbaarheid* hier aan, en wat sou julle sê is die rede daarvoor?

_____

_____

3. Wat gee in die volgende gevalle aanleiding tot dankbaarheid?

3.1 Ef 5:3,4?

_____

_____

3.2 2 Kor 1:8-11

_____

_____

4. Lees Luk 17:12-19?

4.1 Waaraan sal ’n mens die gebrek aan dankbaarheid by die nege kan toeskryf?

_____

_____

4.2 Wat het die een dankbare ontvang wat die res nie gekry het nie?

_____

_____

5. In aansluiting by vraag 4, wat leer ons by Jesus in Joh. 11:41,42 oor die doel van dankbaarheid?

_____

_____

6. As ’n mens die oorsprong van dankbaarheid en die doel van dankbaarheid in een sin moet saamvat, wat sal dit wees.

_____

_____

7. Bespreek <u>vanuit ’n geloofsoogpunt</u> hierdie Duitse spreekwoord wat praat oor liefdadigheid en dankbaarheid: “*Liefdadigheid is ’n mooi plant, dankbaarheid is sy baie skaars blom*.”

_____

Aantekeninge by "Gebed nr. 5: Dank"

1. Eie antwoord.
2. Dit gaan saam met gedrag wat duidelik nie getuig van afhanklik van God nie. Wanneer iemand so op homself gerig is, is hy nie dankbaar nie, want hy sien alles wat hy is en het asof hyself dit vermag het. Alhoewel God sy algemene genade aan almal gee, d.w.s. dinge soos reën en sonskyn en lewe, erken alle mense nie die Here as die werklike Gewer daarvan nie.
3.

3.1 Dat 'n mens anders as ongelowiges kan wees is nie iets waarvoor jy self verantwoordelik is nie. Geloof is 'n geskenk wat God deur sy Woord en Gees vir ons gee (Ef 2:8). Wanneer 'n mens glo word jy deel van die koninkryk van God, en dit beteken dat Hy as Koning jou lewe regeer. Die Goeie Koning gee ook nie net opdragte aan sy onderdane nie, maar versorg elkeen van hulle soos sy kinders.

3.2 Die situasie was vir Paulus hulle onhanteerbaar, maar God het in sy groot vermoë redding gegee. Hulle het Hom weereens leer ken as God wat lewe uit die dood kan gee. Dit kan 'n mens nooit self doen nie. Daar was dus 'n deeglike besef van hulpeloosheid, van God se redding en daarop volg dankbaarheid. Dit is egter nie net Paulus hulle wat dankbaar is nie, almal wat ook gebid het, sien God se redding en ook by hulle is daar dankbaarheid.

4.

4.1 Waarskynlik het die ander nie hulle verlorenheid so deeglik besef nie, en dus het hulle nie dankbaarheid getoon nie. Wanneer jy nie toegang het tot God nie, en dan nie net toegang tot Hom kry nie, maar ook deur Hom gered word sal dit onvermydelik lei tot dankbaarheid.

4.2 Die een wat teruggekom het God nie net geprys het nie, maar ook die Here Jesus bedank het, het van Jesus die bevestiging gekry dat sy gelowige vashou aan die Here vir hom redding gebring het. Die ander het hierdie versekering dat hulle geloof hulle gered het, nie gekry nie. Wanneer 'n mens aan God die dank gee wat Hom toekom, bring dit 'n hegter band tussen jou en Hom met die gevolg dat 'n mens in groter afhanklikheid, en dus met meer seën leef (Mat 5:3). Hierdie een man was dus nie so vasgevang in die seëninge dat hy die Gewer van die seëninge vergeet het nie en dit sou vir hom 'n voller lewe beteken.

5. Dank is as't ware die een aspek wat al die ander aspekte van ons gebed saambind. In gebed word die wonder van God se regering op aarde vir ons duidelik, omdat gebed, God se krag vir mense ontsluit. Wanneer God gedank word, word die Oorsprong van daardie wonderlike regering bekend gemaak vir Wie Hy is. Wanneer 'n mens aan God die dank gee wat Hom toekom, bring dit ook verdere vrymoedigheid en vertroue om weer en weer (soos Jesus) in gebed voor God te kom staan.
6. As God my laat besef hoe verlore ek sonder Hom is, en hoe geweldig sy redding is, dan bring dit 'n vreugde in my wat aan Hom toe te skryf is, en daarom moet Hy nie net erkenning daarvoor kry nie, maar bly ek vir altyd naby aan Hom.
7. Eie antwoord.